

## GEBED OM DIE VOORSPRAAK VAN ST. LUIGI SCROSOPPI

**H**eilige Luigi,  
u staan bekend as  
die Vader van die Behoeftiges  
en u het u lewe gewy

aan hulle wat op die kantlyn  
van die samelewing moes lewe –  
die armes, die behoeftiges  
en veral die weesmeisies,  
wie se toekoms destyds so hopeloos was

**G**absolute geloof en vertroue  
in God se Voorsienigheid het  
van u 'n apostel van hoop  
in hopelose situasies gemaak.

**L**iewe Luigi, ons bid om u voorspraak:  
Bid vir ons tot God  
en smee Hom om ons  
dié genadegawes te gee waarmee u

so geseënd was: Liefde vir almal wat behoeftig is,  
die geloof en vertroue in God se Voorsienigheid  
en die moed om dit daaglik uit te leef.

**D**aak van ons dissipels  
van God se Voorsienigheid  
in ander mense se lewens.  
Deur Christus onse Here. Amen.

